

Sakkie Parsons E-Pos Bediening

E-pos: sparsons@absamail.co.za

Webtuiste: www.sakkieparsons.co.za

Sel: 082 -568 2704/Tel: 012 543 3669

AL GOD SE KLEURE IS MOOI

"All God's colours are beautiful."

Hierdie gesegde wat vir my gestuur was, het my weer laat dink aan iets wat Billy Graham gesê het, wat 'n groot indruk op my gemaak het.

Hy het gesê:

"God het my wit gemaak, dit was nie my keuse nie en daarom mag niemand teen my diskrimineer nie. Dit geld ook vir die persoon wat swart, bruin of geel is.

Nou terwyl ek hier vir jou skryf, dink ek toe sommer aan daardie gedeelte in God se Woord waar daar geskryf staan.

MRK12:28-31 Een van die Skrifkenners het daar aangekom terwyl die Sadduseërs met Jesus geargumenteer het. Toe hy hoor hoe goed Jesus hulle geantwoord het, vra hy Hom: "Wat is die heel belangrikste ding wat God ons beveel het?"

²⁹Jesus se antwoord was: "Die belangrikste is waar daar in die Skrif staan: 'Hoor hier, Israel, die Here ons God is die enigste Here. ³⁰Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en siel en verstand. Jy moet Hom liefhê met al die krag wat jy het.'

³¹Die tweede bevel is: 'Jy moet jou medemens net so liefhê as wat jy jouself liefhet.' Daar is geen ander bevel van God wat belangriker as hierdie twee is nie."

Let nou op 'n paar baie belangrike punte wat Jesus hier maak, wat so lyk dit vir my, deur baie Christene nie raak gesien word nie.

Eerstens:

Dat daar by God niks belangriker is, as dat ek Hom en my naaste lief sal hê nie.

MRK12:31 Die tweede bevel is: 'Jy moet jou medemens net so liefhê as wat jy jouself liefhet.' **Daar is geen ander bevel van God wat belangriker as hierdie twee is nie.**

Tweedens:

Ek as kind van God, word wat hierdie saak aanbetref nie 'n keuse gegee, of ek dit wil doen en of ek dit nie wil doen nie. Ek word deur God Almagtig beveel om dit te doen.

MRK12:31 Die tweede **bevel** is: 'Jy **moet** jou medemens net so liefhê as wat jy jouself liefhet...

Dan kom Paulus en onder leiding van die Heilige Gees onderstreep hy wat Jesus ons

leer, as hy skryf.

1KOR13:13 Daar is dus drie dinge wat nie verbygaan nie. Dit is die vertroue op God, die vooruitsig op die dinge wat God beloop het en die liefde. En van hulle is liefde die belangrikste.

'n Ouer vertaling stel **1KOR 13-13** so.

1KOR 13:13 En nou bly geloof, hoop, liefde—hierdie drie; maar die grootste hiervan is die liefde.

Jy sien, hier is nog iets, wat so lyk dit vir my, deur baie Christene ook nie raak gesien word nie, al lees hulle dit.

God leer my in Sy Woord, dat my vertroue of dan my geloof in Hom en my hoop, of dan vooruitsig op dit wat Hy my beloop het, vir Hom minder belangrik is, of dan ondergeskik is, daaraan dat ek Hom en my naaste sal lief hê, in watter kleur Hy ook al gekies het om my naaste te maak.

Jy sien, dit lyk vir my, of daar van ons Christene is wat dink dat dit moontlik is om God lief te hê en dat ek nie regtig liefde vir my naaste hoef te voel nie. Hulle dink so lyk dit vir my, dat hulle neutraal en selfs afsydig en in sommige gevalle selfs vyandig teenoor hul naaste kan staan en nog steeds vir God lief kan wees.

Natuurlik is dit nie moontlik om so vir God lief te wees nie. Ek dink dat mense wat so redeneer, hoogstens ontsag vir God kan hê maar beslis kan iemand wat so redeneer nie vir God lief wees nie.

God sê immers in Sy Woord baie duidelik vir my, by dit alles wat ek jou reeds gewys het, ook die volgende.

1JOH4:19-21 Dit is omdat God ons eerste liefgehad het dat ons ook vandag vir Hom en vir ander mense kan liefhê.²⁰ As 'n mens sê: “Ek het God lief,” maar hy hou aan om sy broer te haat, is hy 'n leuenaar. Want as hy sy broer vir wie hy kan sien, nie liefhet nie, hoe kan hy God liefhê wat hy nog nooit gesien het nie?²¹ Daarom het God ons beveel dat 'n mens Hom moet liefhê, maar jy moet ook jou broer liefhê.

Iemand sal probeer wegkom met die redenasie, dat my broer en suster nie noodwendig my medemens hoef te wees nie en dan gerieflik vergeet van al daardie bloed gewaste kinders van God wat Jesus aangeneem het, as hul Verlosser en Saligmaker, Wat verseker nie almal dieselfde kleur as hulle het nie.

JHN1:12 Maar almal wat Hom aangeneem en in Hom geglo het, aan hulle het Hy die reg gegee om kinders van God te wees.

Ek het oor die jare wat ek vir ons Here werk en ek doen dit al van 1973 af, telkens die volgende ontdekking moes maak.

Ek gesels met iemand wat hom/haar uitgee as 'n Christen en dan ontdek ek, dat die persoon nie werklik 'n Christen is nie maar hoogstens as godsdienstig kan deurgaang.

Ek sê vir mense:

“Gesels met my oor ons Here en jou medemens en ek weet baie gou, of jy 'n Christen/dissipel van Jesus is en of jy net baie godsdienstig is.”

Ek dink ook dit sal makliker wees om my naaste lief te hê, as ek onthou:

“All God's colours are beautiful.”

Judas 1:24-25 *Aan Hom nou wat magtig is om julle vir struikeling te bewaar en julle sonder gebrek voor sy heerlijkheid te stel met gejuig, **25**. aan die alleenwyse God, ons Verlosser, kom toe heerlijkheid en majesteit, krag en mag, nou tot in alle ewigheid! Amen.*

*Groete
Sakkie*

Indien u hierdie e-pos lees en wel gereelde e-pos van my wil ontvang, stuur asseblief u volle e-pos adres in die “subject box” na sparsons@absamail.co.za

Moet asseblief nie ‘n leë e-pos stuur nie.

Aangesien ek blind is en gebruik maak van ‘n sagteware program waar die rekenaar met my praat, sal ek nie weet of dit ‘n foto of leë e-pos is wat ek ontvang nie. In albei gevalle sal my rekenaar net stil bly.